(a) ontwerp is of in staat is om vloeistof, gas of vaste gas te verbrand;

(b) gebruik word om deur verbranding weg te doen met enige materiaal of afval; of

(c) gebruik word om vloeistof, gas of vaste gas bloot te stel aan enige proses waar hitte aangewend word;

“donker rook” beteken rook wat 'n digtheid van 60 Hartridge rookeenhede of meer het, of rook, wanneer dit gemeet word met 'n lig absorpsie meter, verduisterings meetapparaat of ander soortgelyke toerusting, en dit 'n verduistering van meer as 20% het.

“gemagtigde beampte” beteken enige persoon deur die munisipaliteit gemagtig om die bepalinge van hierdie verordening te implementeer en sluit in 'n amptenaar wat gedelegeer is om sodanige funksies of magte uit te voer;

“kompresieontsteking aangedrewe voertuig” beteken 'n voertuig aangedryf deur interne verbranding, kompresieontsteking, diesel of petrolaangedrewe enjin;

“ligabsorpsiemeter” beteken 'n meetinstrument wat 'n ligsensitiewe sel of detektor gebruik om die hoeveelheid lig wat deur 'n lugbesoedelde stof geabsorbeer word, te bepaal;

“lugbesoedeling” beteken enige verandering in die omgewing veroorsaak deur enige stof wat in die atmosfeer uitgelaat word deur enige aktiwiteit, waar daardie verandering 'n nadelige uitwerking op menslike gesondheid of welsyn het, of op die samestelling, veerkrag en produktiwiteit van natuurlike of bestuurde ekosisteme, of op materiale wat nuttig is vir mense, of sodanige uitwerking in die toekoms mag hê;

“lugbesoedelingsbeheersone” ’n geografiese gebied wat ingevolge artikel 9 van die verordening tot ’n lugbesoedelingsbeheersone vir die doeleindes van hoofstuk IV van die verordening verklaar word;

“lugbesoedelende stof” beteken enige stof (insluitende maar nie beperk tot stof, rook, walms en gas) wat lugbesoedeling veroorsaak of mag veroorsaak;

“luggehaltebeampte” beteken ’n persoon bedoel in artikel 4 van hierdie verordening;

“luggehaltebestuursplan” die luggehaltebestuursplan waarna artikel 15 van die Wet op Luggehalte verwys;

“mediumstraling” beteken ’n proses waardeur saamgeperste lug gebruik word om ’n straal skuurmateriaal teen ’n oppervlak (bekend as stralingsmedium) te dryf deur ’n spuitstuk en sluit in sandstraling en haelstraling;

“munisipaliteit” beteken die Drakenstein Munisipaliteit en sluit enige politieke strukture, politieke ampsbekleër, behoorlik gemagtigde agent daarvan, of ’n diensverskaffer na gelang van die geval, of ’n werknemer daarvan handelende ingevolge hierdie verordening uit hoofde van ’n bevoegdheid wat in die munisipaliteit berus en gedelegeer aan sodanige politieke strukture, politieke ampsbekleër, agent of werknemer;

“munisipale bestuurder” beteken ’n persoon as sulks deur die munisipaliteit aangestel ingevolge artikel 54A van die Munisipale Stelelswet, 2000 (Wet 32 van 2000);

“nadelige uitwerking” beteken enige werklike of potensiele impak op die omgewing wat die omgewing of enige aspek daarvan benadeel of sal benadeel, tot ’n mate dat dit meer as onbeduidend of onbelangrik is;

“Nasionale Raamwerk” beteken die Nasionale Raamwerk vir bestuur van liggehalte in die Republiek van Suid Afrika, soos saamgestel ingevolge die Wet;

“omgewing” beteken die omgewing waarin mense bestaan en wat bestaan uit -

(a) die grond, water en atmosfeer van die aarde;

(b) mikro-organismes, plant- en dierelewe;

(c) enige deel of kombinasie van (a) en (b) en die onderlinge verhouding tussen hulle; en

(d) die fisiese, chemiese, estetiese en kulturele eienskappe en toestande van die voorgenoemde wat menslike gesondheid en welsyn beïnvloed;

“omgewingsbestuurinspekteur” beteken ’n omgewingsbestuurinspekteur soos bedoel in artikel 31C van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, (Wet 107 van 1998);

“omringende lug” dieselfde as in artikel 1 van die Wet op Luggehalte;

“oopverbranding” beteken die verbranding van materiaal sonder ’n skoorsteen om die produkte wat deur verbranding uitgelaat word in die atmosfeer vry te laat, en **“verbranding in die ope”** het ’n ooreenstemmende betekenis;

“openbare oorlas” beteken ’n onredelike inmenging of waarskynlike inmenging veroorsaak deur lugbesoedeling in-

(a) die gesondheid of welsyn van enige persoon of lewende organisme; of

(b) die gebruik of genot deur ’n eienaar of okkupeerder van sy of haar eiendom;

(c) die gewone gemak, gerief, vrede of stilte van ’n ander persoon; en

(d) die natuurlike toestand van die omgewing;

“operateur” beteken ’n persoon wat ’n onderneming besit of bestuur, of wat ’n bedrywigheid of proses wat lugbesoedelende stowwe vrystelling, beheer;

“perseel” beteken enige gebou of ander struktuur tesame met die grond waarop dit geleë is en enige aangrensende grond bewoon of gebruik ten opsigte van enige aktiwiteite wat in daardie gebou of struktuur plaasvind, en sluit in enige grond sonder enige geboue of ander strukture en enige lokomotief, skip, boot of ander vaartuig wat bedryf of teenwoordig is in die gebied onder die jurisdiksie van die munisipaliteit of die gebied van enige hawe;

“persoon” beteken ’n natuurlike persoon of ’n regspersoon of entiteit;

“roetblasing” beteken ’n metode om koolstofneerslag vanaf die interne oppervlakke van brandstofverbrandingstoerusting te verwyder deur middel van ’n lugstraal of stoomstraal op hitte oppervlaktes;

“rubber produk” beteken enigiets saammgestel uit natuurlike of sintetiese rubber insluitend enigiets wat rubber bevat of met rubber bedek is;

“rook” beteken die gasse, fyn deeltjies en produkte van verbranding wat in die atmosfeer uitgelaat word as materiaal verbrand word of blootgestel word aan hitte en sluit in die roet, gruis en sanderige deeltjies wat in rook uitgelaat word;

“skoorsteen” beteken enige struktuur of opening van enige aard vanwaar of waardeur enige lugbesoedelende stowwe uitgelaat mag word;

“spuitgebied” ’n gebied of ingeslote area waarna artikel 20 verwys en wat vir spuitverfwerk gebruik word, en **“spuitkamer”** het ’n ooreenstemmende betekenis;

“stof” beteken enige soliede deel in ’n fyn of gedisintegreerde vorm wat in staat is om in die atmosfeer versprei of gesuspendeer te word;

“verduistering” die verhouding van sigbare lig wat verswak is deur lugbesoedelende stowwe wat in die uitvloeistrome sweef, tot die inval van sigbare lig, uitgedruk as ’n persentasie;

“voertuig” beteken enige motor, kar, motorvoertuig, motorfiets, bus, vragmotor of ander vervoermiddel wat heeltemal of gedeeltelik aangedryf word deur enige vlugtige brandstof, stoom, gas of olie, of op enige ander wyse behalwe menslike of dierkrag;

“vrye versnellingstoets” beteken die metode beskryf in artikel 22 van hierdie verordening wat gebruik word om te bepaal of voertuie teenstrydig met artikel 20 bestuur of gebruik word;

“Wet” beteken die Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Luggehalte, 2008 (Wet 39 van 2008);

“woning” beteken enige gebou of ander struktuur, of deel van ’n gebou of struktuur, wat as ’n woonhuis gebruik word, en enige buitegeboue aanvullend daartoe;

“WNOB” beteken die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998, (Wet 107 van 1998);

2. Beginsels en oogmerke

- (1) Die doel van hierdie verordening is om-
 - (a) uitvoering te gee aan die reg vervat in artikel 24 van die Grondwet asook die plaaslike regeringsmandaat vervat in Bylae 4B van die Grondwet deur die regulering van luggehalte in die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit;
 - (b) uitvoering te gee aan die vereistes van die Drakenstein Omgewingsbeleid en die Luggehaltebestuursplan;
 - (c) in ooreenstemming met enige ander toepaslike wetgewing ’n effektiewe regs- en administratiewe raamwerk daar te stel waarbinne die munisipaliteit aktiwiteite wat die vermoë het om die omgewing asook openbare gesondheid nadelig te beïnvloed, te bestuur en te reguleer; en
 - (d) te verseker dat lugbesoedeling voorkom word en waar dit nie volkome voorkom kan word nie, dit te verminder of te versag.
- (2) Enige persoon wat ’n funksie kragtens hierdie verordening verrig, moet dit doen met die doel om uitvoering te gee aan die oogmerke uiteengesit in subartikel (1).

3. Toepassing

- (1) Hierdie verordening moet saamgelees word met die toepaslike bepalings van die Wet en die Nasionale Raamwerk.
- (2) Hierdie verordening is van toepassing op alle grond of persele binne die jurisdiksiegebied van die munisipaliteit.
- (3) Hierdie verordening verwyder nie die noodsaaklikheid om 'n permit, toestemming of magtiging te verkry wat kragtens enige ander wetgewing benodig word nie.
- (4) In die geval van konflik met enige ander verordening of beleid wat lugbesoedeling beheer, sal die bepalings van hierdie verordening geld vir sover dit betrekking het op luggehalte.

HOOFSTUK 2: SORGSAAMHEIDSPLIG

4. Lugbesoedeling sorsaaheidspilig

- (1) Enige persoon wat in geheel of gedeeltelik atmosferiese uitlatings maak vanaf 'n perseel moet alle redelike maatreëls neem-
 - (a) om te verhoed dat enige lugbesoedeling plaasvind; en
 - (b) waar dit nie voorkom kan word nie, dit sover moontlik te verminder.
- (2) Niemand mag 'n daad pleeg wat lugbesoedeling veroorsaak of mag veroorsaak nie of nalaat om dit te voorkom nie.

HOOFSTUK 3: AANWYSING VAN LUGGEHALTEBEAMPTTE EN OMGEWINGSBESTUURINSPEKTEURS

5. Aanwysing van luggehaltebeampte en omgewingsbestuurinspekteurs

- (1) Die munisipale bestuurder moet 'n beampte van die munisipaliteit aanwys as luggehaltebeampte wat verantwoordelik sal wees vir die koördinerings van aangeleenthede wat met luggehalte verband hou in die munisipaliteit se regsgebied.
- (2) Die munisipale bestuurder mag die LUR verantwoordelik vir luggehalte in die Provinsie versoek om beamptes van die munisipaliteit as omgewingsbestuurinspekteurs ingevolge artikel 31C van die WNOB aan te wys.

6. Bevoegdhede en funksies van die luggehaltebeampte

(1) Die luggehaltebeampte moet-

- (a) die ontwikkeling van 'n luggehaltebestuursplan vir insluiting in die munisipaliteit se Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, koördineer;
- (b) jaarliks verslag doen oor luggehalte in die munisipaliteit;
- (c) die bevoegdhede en funksies ingevolge hierdie verordening aan hom of haar opgedra, uitvoer; en
- (d) die jaarverslag genoem in paragraaf (b) voorlê aan die luggehaltebeampte aangewys deur die LUR verantwoordelik vir luggehalte in die Provinsie.

(2) Die jaarverslag genoem in subartikel (1)(b) moet aandui watter vordering gemaak is met die implementering van die luggehaltebestuursplan.

7. Bevoegdhede en funksies van aangewese omgewingsbestuurinspekteurs

'n Aangewese omgewingsbestuurinspekteur het die bevoegdhede en funksies soos uiteengesit in artikels 31G tot 31L van die WNOB.

HOOFSTUK 4: PLAASLIKE VRYSTELLINGSTANDAARDE, NORME EN STANDAARDE EN

LUGBESOEDELINGSBEHEERSONES

Deel 1: Plaaslike vrystellingstandaarde

8. Identifikasie van stowwe en ontwikkeling van plaaslike vrystellingstandaarde

(1) Die munisipaliteit mag deur middel van kennisgewing -

- (a) stowwe of mengsels stowwe in die omringende lug identifiseer wat deur omringende konsentrasies, bioakkumulاسie, afsetting of op enige ander manier 'n bedreiging vir gesondheid, welstand of die omgewing in die regsgebied van die munisipaliteit inhou, of wat na die luggehaltebeampte se redelike oordeel sodanige bedreiging inhou; en
- (b) met betrekking tot elk van daardie stowwe of mengsels van stowwe plaaslike standaarde vir uitlating van punt-, nie-punt- of mobiele bronne in die regsgebied van die munisipaliteit publiseer.

(2) In die vasstelling van plaaslike vrystellingstandaarde mag die munisipaliteit die volgende faktore in ag neem:

- (a) gesondheid-, veiligheid- en omgewingsbeskermingsdoelwitte;

- (b) ontledingsmetodologie;
 - (c) die tegniese uitvoerbaarheid;
 - (d) moniteringsvermoë;
 - (e) sosio-ekonomiese gevolge;
 - (f) die ekologiese rol van brande by plantreste; of
 - (g) die beste praktyk omgewingskeuse.
- (3) Enige persoon wat stowwe of mengsels van stowwe vrystel waarna subartikel (1) hierbo verwys word, moet voldoen aan die plaaslike vrystellingstandaarde wat ingevolge hierdie verordening gepubliseer word.

Deel 2: Norme en standaarde

9. Proses vir identifikasie van stowwe

- (1) Vir die identifikasie en prioritering van die stowwe in die omringende lug wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou, moet die munisipaliteit die volgende in ag neem-
- (a) die moontlikheid, erns en frekwensie van die uitwerking op mense se gesondheid en die omgewing in die geheel, veral onomkeerbare uitwerkings;
 - (b) alomteenwoordige en hoë konsentrasies van die stof in die atmosfeer;
 - (c) moontlike omgewingstransformasies en metaboliese veranderinge in die stof, aangesien sodanige veranderinge tot die produksie van chemikalieë met groter toksiese nawerking kan lei of ander onsekerhede meebring;
 - (d) volharding in die omgewing, veral indien die stof nie bioafbreekbaar is nie en in mense, die omgewing of voedselkettings kan opbou;
 - (e) die impak van die stof, gedagtig aan die volgende faktore-
 - (i) die omvang van die bevolking, lewende hulpbronne of ekosisteme;
 - (ii) die bestaan van bepaalde sensitiewe reseptore in die betrokke sone; en
 - (f) stowwe wat deur internasionale konvensies gereël word.
- (2) Die luggehaltebeampte moet, aan die hand van die maatstawwe in subartikel (1), 'n lys opstel van stowwe in die omringende lug wat 'n bedreiging vir openbare gesondheid, welstand of die omgewing inhou.

10. Verklaring van lugbesoedelingsbeheersone

- (1) Die munisipaliteit mag-
- (a) binne sy regsgebied lugbesoedelingsbeheersones verklaar; en
 - (b) binne die lugbesoedelingsbeheersone deur middel van kennisgewing in die Provinsiale Koerant -
 - (i) die vrystelling van een of meer lugbesoedelende stowwe van alle of sekere persele verbied of beperk;
 - (ii) die verbranding van sekere soorte brandstof verbied of beperk;
 - (iii) rookvrye sones verklaar waarin rook met 'n verduistering van meer as 10% nie toegelaat word nie;
 - (iv) verskillende luggehaltevereistes in 'n lugbesoedelingsbeheersone voorskryf met betrekking tot-
 - (aa) verskillende geografiese gedeeltes;
 - (bb) bepaalde persele;
 - (cc) klasse persele;
 - (dd) persele wat vir bepaalde doeleindes gebruik word; of
 - (ee) mobiele bronne.
- (3) Die munisipaliteit mag beleid en riglyne, waaronder tegniese riglyne, opstel en publiseer met betrekking tot die regulering van aktiwiteite wat regstreeks of onregstreeks lugbesoedeling in 'n lugbesoedelingsbeheersone veroorsaak.

11. Publieke deelnameproses

Die munisipaliteit moet, vir die doeleindes van publikasie van die plaaslike vrystellingstandaarde asook die verklaring van lugbesoedelingbeheersones, 'n publieke deelnameproses volg soos voorgeskryf in artikel 13 van die Munisipale Stelselwet, 2000.

HOOFSTUK 5: ROOKVRYSTELLING VAN PERSELE ANDER AS WONINGS

12. Verbod op donker rook vanaf persele

- (1) Behoudens subartikel (2) mag rook nie van enige perseel, uitgesonderd woonpersele, vrygestel word vir 'n totale tydperk wat drie minute oorskry gedurende enige aaneenlopende tydperk van dertig minute nie.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op rook wat uit brandstofverbrandingstoerusting vrygestel word wat ontstaan wanneer die toerusting aangeskakel word of wanneer die toerusting nagesien of herstel word nie, of in afwagting om nagesien of herstel te word nie, tensy sodanige vrystelling voorkom kon word deur die gebruik van die beste praktyk omgewingsopsie.

(3) Gedurende roetblasing van brandstofverbrandingstoerusting of abnormale toestande, moet donker rook beperk word tot 'n maksimum periode van 10 minute in enige aaneenlopende tydperk van agt ure. Indien roetblasing langer duur as 10 minute, moet die eienaar die luggehalte beampte onmiddellik in kennis stel.

(4) Subartikels (1), (2) en (3) is nie van toepassing op die houers van lisensies vir atmosferiese vrystellings vir aktiwiteite wat ingevolge artikel 21 van die Wet op Luggehalte gelys word nie, en die vrystellingstandaarde wat in sodanige lisensies vir atmosferiese vrystellings bepaal word, sal geld.

13. Installering en bedryf van brandstofverbrandingstoerusting

(1) Niemand mag op enige perseel enige brandstofverbrandingstoerusting installeer, verander, uitbrei of vervang sonder die skriftelike magtiging van die munisipaliteit nie, wat slegs toegestaan mag word na oorweging van die betrokke planne en spesifikasies.

(2) Die munisipaliteit mag tydens goedkeuring ingevolge subartikel (1) voorwaardes neerlê, wat mag insluit-

- (a) minimum vrystellingstandaarde;
- (b) minimum skoorsteen deursnee en hoogte;
- (c) minimum beheermaatreëls; en
- (d) maksimum bedryfsure.

(3) Niemand mag brandstofverbrandingstoerusting gebruik of bedryf teenstryding met die goedkeuring ingevolge subartikel (1) of die voorwaardes neergelê in subartikel (2) nie.

(4) Waar brandstofverbrandingstoerusting op 'n perseel geberuik of bedryf word teenstrydig met subartikels (1) en (2), mag die munisipaliteit, by skriftelike kennisgewing aan die eienaar of gebruiker van die toerusting-

(a) opdrag gee dat die brandstofverbrandingstoerusting van die perseel verwyder word op die eienaar of operateur se koste binne die tydperk aangedui in die kennisgewing; of

(b) die goedkeuring ingevolge subartikel (1) terugtrek.

(5) Die munisipaliteit mag, indien die eienaar of operateur versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (4), die brandstofverbrandingstoerusting van die

perseel verwyder en die koste daarvan van die eienaar of operateur verhaal.

(6) Die munisipaliteit mag die stappe neem wat dit nodig ag om skade veroorsaak deur die gebruik of bedryf van brandstofverbrandingstoerusting teenstrydig met hierdie artikel te herstel en die koste daarvan te verhaal van die persoon verantwoordelik daarvoor.

14. Vrystellingsmeting

(1) 'n Gemagtigde beampte mag kennis gee aan enige operateur van brandstofverbrandingstoerusting of enige eienaar of okkupeerder van 'n perseel waarop brandstofverbrandingstoerusting gebruik of bedryf word om vrystellingsmeting van spesifieke besoedelingstowwe te onderneem in ooreenstemming met *Bylae 1* tot hierdie verordening, of om op sy of haar koste meettoerusting te installeer, in stand te hou en te bedryf, indien gemelde beampte gronde het om te glo dat-

(a) ongemagtigde en onwettige vrystelling van rook vanaf die betrokke perseel plaasvind;

(b) ongemagtigde en onwettige vrystellings van gekose besoedelingstowwe wat meer is as die minimum vrystellingstandaarde goedgekeur vir brandstofverbrandingstoerusting, vanaf die perseel plaasgevind het;

(c) brandstofverbrandingstoerusting geïnstalleer is of beoog om geïnstalleer te word wat volgens die mening van 'n gemagtigde beampte donker rook sal vrystel;

(d) die persoon aan wie die kennisgewing beteken is reeds vantevore die bepalings van hierdie hoofstuk oortree het en nie voldoende maatreëls geneem het om verdere oortreding van die bepalings van hierdie hoofstuk te voorkom nie; of

- (e) die aard van die lugbesoedelende stowwe wat van die betrokke perseel vrygestel word, waarskynlik 'n gevaar of oorlas vir menslike gesondheid of die omgewing inhou.
- (2) 'n Kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) moet die inligting soos voorgeskryf in artikel 28 van hierdie verordening bevat.

15. Monitering en toetsing

'n Okkupeerder of eienaar van 'n perseel, en die operateur van enige brandstofverbrandingstoerusting van wie vereis word om lugbesoedelingmeettoerusting ingevolge artikel 14(1) te installeer, moet-

- (a) alle monitering- en toetsresultate aanteken en 'n afskrif van hierdie rekord vir ten minste vier jaar nadat die resultate verkry is, in stand hou; en
- (b) indien deur 'n gemagtigde beampte versoek word om dit te doen-
 - (i) die rekord van die monitering- en toetsresultate vir inspeksie toon; en
 - (ii) 'n skriftelike verslag bevattende 'n deel of al die inligting in die rekord van monitering, in 'n formaat en teen 'n datum gespesifiseer deur die gemagtigde beampte, te voorsien.

16. Tydelike vrystelling

(1) Onderworpe aan artikel 32 en by ontvangs van 'n gemotiveerde skriftelike aansoek van die eienaar of okkupeerder van 'n perseel of die operateur van brandstofverbrandingstoerusting, mag die munisipaliteit skriftelik tydelike vrystelling van een van of al die bepalings van hierdie hoofstuk toestaan.

(2) Enige vrystelling wat ingevolge subartikel (1) toegestaan word, moet ten minste die volgende bevat:

- (a) 'n beskrywing van die brandstofverbrandingstoerusting en die perseel waar dit gebruik of hanteer word;
- (b) die redes waarom die vrystelling toegestaan word;
- (c) die voorwaardes verbode aan die vrystelling, indien enige;
- (d) die tydperk waarvoor die vrystelling toegestaan word; en
- (e) enige ander tersaaklike inligting.

(3) Die munisipaliteit mag nie 'n tydelike vrystelling ingevolge subartikel (1) toestaan tensy die munisipaliteit-

- (a) redelike maatreëls getref het om te verseker dat alle persone wie se regte deur die toestaan van die tydelike vrystelling benadeel kan word, insluitend aanliggende grondeienaars of okkupeerders, bewus is van die aansoek om tydelike vrystelling sowel as van hoe om 'n afskrif daarvan te bekom;
- (b) sodanige persone 'n redelike geleentheid gegun het om teen die aansoek beswaar te maak; en
- (c) enige besware wat ontvang is behoorlik oorweeg en in ag geneem het.

17. Oorgangsmatreëls ten opsigte van brandstofverbrandingstoerusting

(1) Behoudens artikel 33(2), mag brandstofverbrandingstoerusting wat gemagtig is ingevolge enige verordening van die munisipaliteit voor inwerkingtrede van hierdie verordening, steeds bedryf word, onderhewig aan subartikel (3).

(2) Gedurende die tydperk wat gemagtigde brandstofverbrandingstoerusting bedryf word, geld die bepalinge van hierdie verordening met die nodige wysigings ten opsigte van-

- (a) die houer van 'n bestaande magtiging asof dit die persoon is wat ingevolge artikel 13(1) van hierdie verordening gemagtig is; en
- (b) die bestaande magtiging asof dit ingevolge artikel 13(1) van hierdie verordening uitgereik is.

(3) Die houer van 'n bestaande magtiging moet heraanzoek doen ingevolge artikel 13(1) wanneer sodanige magtiging verstryk of wanneer daartoe versoek deur die munisipaliteit.

HOOFSTUK 6: VRYSTELLING VEROORSAAK DEUR VERBRANDING VAN MATERIAAL

18. Vrystelling veroorsaak deur verbranding van nywerheidsafval, huishoudelike afval en tuinafval

Iemand wat nywerheidsafval, huishoudelike afval of tuinafval op enige perseel brand of toelat fat dit verbrand word met die doel om daarmee weg te doen, pleeg 'n misdryf tensy die wegdoening regmatig geskied ingevolge artikel 26 van die Nasionale Omgewingsbewing: Wet of Vaste Afval, 2008 (Wet 59 van 2008).

19. Vrystellings as gevolg van die verbranding van bande, rubber en ander materiaal vir metaalherwinning

- (1) Niemand mag sonder die toestemming van die munisipaliteit op enige perseel—
- (a) enige bande, rubberprodukte, kables, sinteties bedekte of geïsoleerde produkte, toerusting of enige ander soortgelyke produk verbrand of laat verbrand nie;
 - (b) bande, rubberprodukte, kables of enige ander produkte op enige perseel verbrand met die oog op metaalherwinning of die wegdoening daarmee as afval nie; of
 - (c) enige verbrande metaal wat as gevolg van ongemagtigde verbranding herwin is, besit, berg, vervoer of verhandel nie.
- (2) Die munisipaliteit mag die stappe neem wat dit nodig ag om die skade te herstel wat veroorsaak is deur verbranding waarna in paragrafe (a) en (b) verwys word asook die besit in paragraaf (c) en die voorkoming van 'n herhaling daarvan, en mag koste verhaal van die persoon verantwoordelik vir die skade.

HOOFSTUK 7: VRYSTELLINGS VEROORSAAK DEUR SPUITVERF EN MEDIUM STRALING

20. Spuitverf vrystelling

- (1) Niemand mag sonder die toestemming van die munisipaliteit buite 'n goedgekeurde spuitgebied of -kamer enige sproei, deklaag, plateerlaag of epoksilaag op enige voertuig, item of voorwerp aanbring, of toelaat dat dit aangebring word, of enige soortgelyke aktiwiteit uitvoer nie;
- (2) 'n Spuitgebied of -kamer waarna subartikel (1) verwys, moet—
- (a) opgerig en toegerus word ooreenkomstig die algemene veiligheidsregulasies wat ingevolge die Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993) afgekondig is; en
 - (b) met betrekking tot vrystellings, meganiese ventilasie en geraas goedgekeur word deur die gemagtigde amptenaar en enige ander tersaaklike departement wat enige ander wet vereis.
- (3) Iemand wat goedkeuring vir spuitverf benodig, moet op die voorgeskrewe wyse daarvoor aansoek doen.
- (4) Die bepalings van enige verordening van die munisipaliteit met betrekking tot Brandveiligheid, geld met die nodige wysigings.

21. Mediumstraling vrystellings

- (1) Iemand wat mediumstraling, slypwerk, skrynwerk of enige soortgelyke aktiwiteit onderneem wat stofvrystellings tot gevolg het wat openbare gesondheid kan benadeel of 'n steurnis veroorsaak, moet beheermaatreëls instel om vrystellings in die atmosfeer te voorkom.
- (2) Iemand wat 'n aktiwiteit ingevolge subartikel (1) onderneem moet maatreëls tref om stofonttrekking te beheer of alternatiewe maatreëls tref soos deur die munisipaliteit goedgekeur.

HOOFSTUK 8: UITLATING VAN KOMPRESSIE ONTSTEKING AANGEDREWE VOERTUIE

22. Verbod

- (1) Niemand mag 'n kompressieontsteking aangedrewe voertuig wat donker rook vrystel, bestuur of gebruik nie.
- (2) Vir doeleindes van hierdie artikel sal vermoed word dat die geregistreerde eienaar van die voertuig die bestuurder is tensy die teendeel bewys word.

23. Stop van voertuie vir inspeksie en toetsing

- (1) Die bestuurder van 'n voertuig moet voldoen aan enige redelike opdrag wat deur 'n gemagtigde beampte gegee word-
 - (a) om die voertuig te stop; en
 - (b) die inspeksie of toets van die voertuig te vergemaklik.
- (2) 'n Gemagtigde beampte mag-
 - (a) die voertuig inspekteer en toets, in welke geval inspeksie en toetsing uitgevoer moet word-
 - (i) op of so naby as moontlik aan die plek waar die voertuig gestop is; en
 - (ii) so gou as moontlik nadat die voertuig gestop is; of
 - (b) 'n visuele inspeksie van die voertuig uitvoer en indien hy of sy glo dat 'n misdryf begaan is ingevolge artikel 22(1), die bestuurder van die voertuig skriftelik opdrag gee om die voertuig na 'n toetstasie te neem, binne 'n gespesifiseerde tydperk, vir inspeksie en toetsing ooreenkomstig artikel 24.

24. Toetsprosedure

- (1) 'n Gemagtigde beampte moet die vrye versnellingstoets metode gebruik om te bepaal of 'n kompressieontsteking aangedrewe voertuig bestuur of gebruik word teenstrydig met artikel 22(1).
- (2) Die volgende prosedure moet nagekom word-
 - (a) die bestuurder moet die voertuig aanskakel, dit in neutrale rat oorsit, die koppelaar aktiveer en die vrystellingrem de-aktiveer;
 - (b) die gemagtigde beampte of die bestuurder van die voertuig moet in minder as een sekonde die voertuig se versnellerpedaal geleidelik heeltemal intrap;
 - (c) terwyl die versnellerpedaal ingetrap is, moet die gemagtigde beampte die rook wat uit die voertuig se vrystellingstelsel uitgelaat word, met 'n Hartridge Rookmeter meet ten einde te bepaal of dit donker rook is al dan nie; en
 - (d) die voertuig se versnellerpedaal moet losgelaat word wanneer opdrag deur die gemagtigde beampte gegee is om dit te doen.
- (3) Indien die gemagtigde beampte tevrede is dat die voertuig-
 - (a) nie donker rook vrystel nie, moet hy of sy 'n sertifikaat aan die voertuigbestuurder voorsien wat aandui dat die voertuig nie strydig met artikel 22(1) bestuur of gebruik word nie; of
 - (b) donker rook vrystel, moet hy of sy 'n herstelkennisgewing uitreik ooreenkomstig artikel 25.

25. Herstelkennisgewing

- (1) 'n Herstelkennisgewing moet die eienaar van die voertuig beveel om die voertuig na 'n plek in die kennisgewing geïdentifiseer te neem vir hertoetsing.
- (2) Die herstelkennisgewing moet die volgende inligting bevat:
 - (a) die fabrikaat, model en registrasienommer van die voertuig;
 - (b) die naam, adres en identiteitsnommer van die bestuurder van die voertuig, en as die bestuurder nie die eienaar is nie, die naam en adres van die voertuig eienaar;
 - (c) die maatreëls wat vereis word om die situasie reg te stel; en
 - (d) die tydperk waarbinne die eienaar van die voertuig aan die herstelkennisgewing moet voldoen.

- (3) Dit sal nie 'n verweer wees om te beweer dat die bestuurder van die voertuig versuim het om die herstelkennisgewing onder die eienaar van daardie voertuig se aandag te bring nie.

HOOFSTUK 9: NAKOMING EN AFDWINGING

26. Kennisgewing van nakoming

- (1) 'n Gemagtigde beampte mag 'n kennisgewing op enige persoon beteken wat hy of sy redelikerwys glo waarskynlik 'n oortreding sal begaan of reeds begaan het ingevolge hierdie verordening, wat daardie persoon versoek-
- (a) om die oorlas of oortreding binne 'n tydperk gespesifiseer in die kennisgewing te verwyder of reg te stel;
 - (b) om al die nodige stappe te doen om 'n herhaling van die oorlas of oortreding te voorkom; en
 - (c) om te voldoen aan enige ander voorwaardes vervat in die kennisgewing.
- (2) Vir doeleindes van subartikel (1), mag die gemagtigde beampte 'n redelike oortuiging vorm gebaseer op sy eie waarneming dat 'n lugbesoedelende stof vrygestel is vanaf 'n perseel wat die eiendom is of geokkupeer word deur die persoon op wie die voldoeningskennisgewing beteken word.
- (3) 'n Kennisgewing uitgereik ingevolge subartikel (1) moet die volgende inligting bevat-
- (a) die handeling of versuim wat 'n oortreding of nie-nakoming uitmaak;
 - (b) die betrokke wetsbepalings wat oortree is;
 - (c) die maatreëls wat in plek gestel moet word om die oortreding of nie-nakoming reg te stel;
 - (d) die tydsraamwerk waarbinne regstellende stappe geneem moet word;
 - (e) die reg om verhoë te lewer; en
 - (f) die moontlike gevolge van nie-nakoming.
- (4) 'n Voldoeningskennisgewing ingevolge subartikel (1) word geag beteken te wees-
- (a) wanneer dit persoonlik aan daardie persoon afgelewer is;
 - (b) wanneer dit by daardie persoon se woning of sake-onderneming in die Republiek gelaat is by 'n persoon wat klaarblyklik oor die ouderdom van sestien jaar is;

- (c) wanneer dit per geregistreerde of gesertifiseerde pos aan daardie persoon se laaste bekende woon- of sake-adres in die Republiek gepos is en 'n bewys van die pos daarvan van die posdiens verkry is;
 - (d) indien daardie persoon se adres in die Republiek onbekend is, wanneer dit op daardie persoon se agent of verteenwoordiger in die Republiek bestel word op die wyse waarvoor voorsiening gemaak is in paragrawe (a), (b) of (c); of
 - (e) indien daardie persoon se adres en agent of verteenwoordiger in die Republiek onbekend is, wanneer dit op 'n opsigtelike plek op die eiendom of perseel, indien enige, waarop dit betrekking het, opgeplak is.
- (5) Wanneer 'n kennisgewing of ander dokument gemagtig moet word of op die eienaar, inwoner of houer van enige eiendomsreg of reg op enige eiendom bestel moet word, is dit voldoende indien daardie persoon in die kennisgewing of ander dokument beskryf word as die eienaar, inwoner of houer van die betrokke eiendomsreg of reg, en is dit nie nodig om daardie persoon by naam te noem nie.

27. Stappe om 'n oorlas of oortreding te verwyder

- (1) Die munisipaliteit mag redelike stappe neem om 'n toestand of situasie reg te stel, of om by 'n bevoegde hof aansoek te doen om 'n toepaslike bevel indien 'n persoon versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 26 of enige ander bepaling van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit mag koste verhaal vir regstellende stappe geneem ingevolge subartikel (1) van die persoon wie verantwoordelik was of bygedra het tot die oortreding.

28. Toegang tot persele en afdwinging

- (1) 'n Gemagtigde beampte het toegang tot enige perseel met die doel om-
 - (a) enigiets te doen waartoe gemagtig of vereis om te doen ingevolge hierdie verordening, die Wet of enige ander wetgewing wat luggehalte reguleer;
 - (b) inspeksie te doen van enige atmosferiese vrystelling of iets in verband daarmee;
 - (c) navraag te doen of ondersoek in te stel na moontlike bronne van atmosferiese vrystellings of die geskiktheid van eiendom vir enige werk, skema of onderneming wat atmosferiese vrystelling tot gevolg het;

- (d) vas te stel of daar enige oortreding is van die bepalings van hierdie verordening of die Wet; en
 - (e) die bepalings van hierdie verordening of die Wet af te dwing.
- (2) Die munisipaliteit mag sonder kennisgewing toegang verkry tot persele en mag die stappe wat redelikerwys nodig is neem as gevolg van 'n noodsituasie of ramp.

HOOFSTUK 10: ALGEMENE BEPALINGS

29. Skadeloosstelling

Die munisipaliteit sal nie aanspreeklik wees vir enige skade veroorsaak aan eiendom of persele deur enige aksie of versuim van amptenare van die munisipaliteit in die uitvoering van funksies ingevolge hierdie verordening nie, met dien verstande dat amptenare tydens uitvoering van sodanige funksies redelike stappe sal neem om sodanige skade te voorkom.

30. Vrystelling

- (1) Enige persoon mag skriftelik aansoek doen om vrystelling van die bepalings van hierdie verordening.
- (2) Die munisipaliteit mag van die applikant vereis om stappe te neem om die aansoek onder die aandag te bring van belanghebbende en geaffekteerde persone.
- (3) Die stappe genoem in subartikel (2) mag die publikasie vereis van 'n kennisgewing in ten minste twee nuusblaaië waarvan een provinsiaal en die ander plaaslik gesirkuleer word -
- (a) waarin redes vir die aansoek uiteengesit word; en
 - (b) enige ander inligting bevat wat betrekking het op die aansoek.
- (4) Die munisipaliteit mag –
- (a) enige vrystelling ingevolge hierdie artikel verleen, hersien en voorwaardes wat dit nodig ag oplê; en
 - (b) enige vrystelling terugtrek by versuim om aan sodanige voorwaardes te voldoen.
- (5) Die munisipaliteit mag nie 'n vrystelling ingevolge subartikel (1) verleen alvorens dit-
- (a) redelike maatreëls geneem het om te verseker dat alle persone wie se regte nadelig geraak mag word deur die verlening van die vrystelling, insluitend maar nie beperk tot aangrensende grondeienaars of okkuperders, bewus is van die aansoek om vrystelling en hoe om 'n afskrif daarvan te verkry;

- (b) aan sodanige persoon 'n redelike geleentheid gebied het om teen die aansoek beswaar aan te teken; en
 - (c) enige besware wat geopper is behoorlik oorweeg en in aanmerking geneem het.
- (6) Die munisipaliteit mag nie 'n vrystelling verleen wat teenstrydig is met die Wet of enige ander wetgewing of beperking wat ingevolge ander wetgewing opgelê is nie.

31. Strafbepalings

- (1) 'n Persoon wat enige van die bepalinge van artikels 4, 12, 13, 15, 18, 19, 20, 21, 22 en 23 oortree of versuim om daaraan te voldoen, begaan 'n misdryf en sal by skuldigbevinding aanspreeklik wees vir 'n boete of tot gevangenisstraf, of tot sodanige gevangenisstraf sonder keuse van 'n boete, of tot beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.
- (2) Dit is 'n misdryf om-
- (a) vals inligting aan 'n gemagtigde beampte te voorsien in verband met enige saak betreffende hierdie verordening;
 - (b) te weier om op versoek van 'n gemagtigde beampte wat ingevolge hierdie verordening gerig is, saam te werk of om 'n gemagtigde beampte te hinder of te dwarsboom in die uitvoering van sy of haar pligte.
 - (c) te versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing uitgereik ingevolge artikel 26 van hierdie verordening.
- (3) 'n Hof mag 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n oortreding van hierdie verordening beveel om 'n verdere bedrag gelyk aan koste en uitgawes te betaal wat deur die hof bevind aan die munisipaliteit betaal moet word as gevolg van die oortreding.
- (4) Versuim om te voldoen aan 'n kennisgewing, opdrag of instruksie waarna in hierdie verordening verwys word, verteenwoordig 'n voortgesette misdryf en die persoon wat daaraan skuldig is, is aanspreeklik vir 'n addisionele boete vir elke dag waarop die misdryf voortduur.
- (5) Benewens die oplê van 'n boete of gevangenisstraf, mag 'n hof enige persoon wat skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge hierdie verordening bevel-
- (a) om die skade wat veroorsaak is, te herstel;
 - (b) om vergoeding te betaal vir skade wat aan 'n ander persoon of eiendom veroorsaak is, welke bevel die krag en uitwerking van 'n siviele uitspraak sal hê; en

- (c) om op die persoon se eie koste meettoerusting ooreenkomstig die bepalings van artikel 14 te installeer en te bedryf.
- (6) Benewens enige ander straf wat 'n hof mag oplê, mag dit die persoon beveel om die stappe te neem wat die hof nodig ag om 'n herhaling van die oortreding te voorkom.

32. Appèl

'n Persoon wie se regte geraak word deur 'n besluit wat deur die munisipaliteit gedelegeer is mag teen sodanige besluit appelleer ingevolge artikel 62 die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) deur skriftelike kennisgewing van die appèl en die redes daarvoor binne 21 dae vanaf die datum van kennisgewing van die besluit, aan die munisipale bestuurder te gee.

33. Herroeping van verordeninge en behoud

- (1) Die Drakenstein Munisipaliteit: Verordening insake Voorkoming van Lugbesoedeling, gepubliseer in provinsiale Koerant No. 6426 van 16 Maart 2007 word hiermee herroep.
- (2) Enigiets gedoen of geag gedoen te wees ingevolge die verordening wat hierdeur herroep word, bly geldig tot die mate waarin dit in ooreenstemming is met hierdie verordening.

34. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie verordening staan bekend as die Drakenstein Munisipaliteit: Verordening insake Luggehalte, 2021 en tree in werking op die datum van publikasie daarvan in die Provinsiale Koerant.

Bylae 1

(Artikel 14)

Standaarde en Spesifikasies vir Brandstofverbrandingstoerusting

1. Gepaste beheertoerusting moet gemonteer word op alle brandstofverbrandingstoerusting wat meer as 100 kg/h steenkool, biomassa of ander vaste brandstof kan verbrand, ten einde stof- en grintvrystellings te beperk.
2. Die beheertoerusting moet so gemonteer word dat dit maklike instandhouding moontlik maak.
3. Die toegelate konsentrasie grint- en stofvrystellings uit 'n skoorsteen wat 'n steenkoolketel bedien wat met enige meganiese trekwaaierstelsel toegerus is, mag nie 250 mg/Nm³ oorskry nie (gemeet by 0°C, 101,3 kPa en 12% CO₂). Waar die brandstofverbrandingstoerusting ingevolge die Wet op Luggehalte as 'n beheerde vrysteller verklaar is, is die betrokke regulasies oor beheerde vrystellers van toepassing.

Die goedgekeurde toetsmetodes is soos volg:

(US EPA)

1. Metode 17 - deeltjies in skoorsteen (PM)
2. Metode 5 - deeltjiesstof (PM)

ISO-standaarde

ISO 9096: Vrystellings uit stilstaande bron handbepaling van massakonsentrasie deeltjiesstof.

Britse standaarde

BS 3405:1983 Metode vir die meting van deeltjievrystelling, waaronder grint en stof (vereenvoudigde metode).

Die munisipaliteit behou die reg om die eienaar van die brandstofverbrandingstoerusting of sy of haar agent te versoek om die vrystellings uit sodanige brandstofverbrandingstoerusting op sy of haar eie onkoste te laat evalueer soos wat die gemagtigde amptenaar kan vereis.

Isolasie van skoorstene

Alle brandstofverbrandingstoerusting wat swaar brandstofolie of ander vloeibare brandstowwe met 'n swawelinhoud van 2,5% per gewig of meer gebruik, moet oor 'n ten volle geïsoleerde skoorsteen beskik wat met hetsy 'n luggaping van 25 mm of

mineraalwolisolasië geïsoleer is om die vorming van suur roet te voorkom. Sodanige skoorstene moet te alle tye in 'n goeie toestand gehou word.

Hout pizzaonde en ander toerusting wat vaste brandstof verbrand

Hout pizzaonde en ander toerusting wat vaste brandstof verbrand, moet na die goeddunke van die gemagtigde amptenaar oor geïnduseerde trekwaaiers beskik.

**DR J H LEIBBRANDT
STADSBESTUURDER**